# MAATSKAPLIKE WERK — VOORVONNISVERSLAE: DIE ONTWIKKELING VAN RIGLYNE

Deur

**S P de Koning**

BA (MW) IV (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys)

Manuskrip voorgelê vir die graad

**MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK)**

in die

**FAKULTEIT VAN GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

van die

**Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit**

Studieleier: Prof P Rankin

Potchefstroom
Maart 2007

# MAATSKAPLIKEWERK-VOORVONNISVERSLAE:

# DIE ONTWIKKELING VAN RIGLYNE

S P DE KONING

2007

## BEDANKINGS

My opregte dank aan almal wat op een of ander wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie.

In die besonder dank aan:

* Prof Pedro Rankin as studieleier
* Die respondente vir hul deelname
* My gesin, familie en vriende vir hul belangstelling en ondersteuning
* Me Cecile Schoeman vir die tikwerk
* Mnr F Hansen vir die taalversorging

Opregte dank aan die GEWER van geleenthede

**INHOUD**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | 1 |
| 2. | PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 3. | DOELSTELLINGS | 4 |
| | 3.1 Oorhoofse doelstelling | 4 |
| | 3.2 Doelwitte | 4 |
| 4. | SENTRALE TEORETIESE STELLING | 4 |
| 5. | METODES VAN ONDERSOEK | 4 |
| | 5.1 'n Literatuur- of bronontleding | 4 |
| | 5.2 Empiriese ondersoek | 4 |
| | 5.2.1 *Die Navorsingsontwerp* | 5 |
| | 5.2.2 *Navorsingsdeelnemers* | 5 |
| | 5.2.3 *Meetinstrumente* | 5 |
| | 5.2.4 *Navorsingsprosedures* | 5 |
| | 5.2.5 *Etiese aspekte* | 6 |
| | 5.2.6 *Dataverwerking, analise en interpretasie* | 6 |
| 6. | ANALISERING EN BESPREKING VAN RESULTATE | 6 |
| | 6.1 Profiel van die respondente | 6 |
| | 6.1.1 *Beroep* | 6 |
| | 6.1.2 *Opvoedkundige kwalifikasies* | 7 |
| | 6.1.3 *Jare ervaring* | 7 |
| | 6.2 Persepsie van regslui oor die kwaliteit van maatskaplikewerk-voorvonnisverslae met toegeligte bespreking | 7 |
| | 6.2.1 *Verslagformaat* | 7 |
| | 6.2.2 *Verslaginhoud* | 9 |
| | 6.2.3 *Beredenering van feite* | 11 |
| | 6.2.4 *Kwaliteit van motivering vir aanbevelings* | 12 |
| | 6.2.5 *Tegniese versorging van verslag* | 12 |
| | 6.2.6 *Assesseringsinstrumente* | 13 |
| | 6.2.7 *Kwaliteit van voordrag van verslae in die howe* | 14 |
| | 6.2.8 *Aanvraag van verslag* | 15 |
| | 6.2.9 *Vaardighede en kennis vir voorvonnis-verslagskrywing* | 16 |
| 7. | GEVOLGTREKKING | 17 |
| 8. | RIGLYNE VIR VOORVONNISVERSLAE | 18 |
| 9. | AANBEVELINGS VIR DIE VERBETERING VAN VOORVONNISVERSLAE | 19 |
| 10. | SAMEVATTING | 20 |
| | BRONNELYS | 21 |
| | Aanhangsel 1 | 23 |

## LYS VAN TABELLE


| | | | |
|---|---|---|---|
| Tabel 1 | : | Formaat se voldoening aan vereistes | 8 |
| Tabel 2 | : | Inhoud se voldoening aan vereistes | 9 |
| Tabel 3 | : | Kwaliteit van die beredenering van feite in die verslag | 11 |
| Tabel 4 | : | Standaard van motivering onderliggend tot aanbevelings in die voorvonnisverslag | 12 |
| Tabel 5 | : | Standaard van tegniese versorging | 13 |
| Tabel 6 | : | Gebruik en interpretasie van assesserings-instrumente | 13 |
| Tabel 7 | : | Standaard van voordrag | 14 |
| Tabel 8 | : | Aanvraag van verslag | 15 |

## OPSOMMING

**Sleutelterme: Voorvonnisverslag, strafhof, deskundige getuie, verslaggewing, psigososiale ondersoek, regsprofessie.**

Navorsing het aangetoon dat die howe en praktiserende regsgeleerdes toenemend gebruik maak van maatskaplikewerk-voorvonnisverslae. Voorvonnisverslae kan aangevra word van proefbeamptes en privaat praktiserende maatskaplike werkers. Hierdie verslae word voorberei met die doel om die howe by te staan in die bepaling van die mees geskikte strafoplegging wat die misdadiger, die slagoffer en gemeenskap in ag neem.

Navorsing wêreldwyd, bevestig deur hierdie ondersoek, toon aan dat regslui die **kwaliteit van voorvonnisverslae** oor die algemeen as baie **onbevredigend** vind. Hierdie navorsing was toegespits op 'n kwaliteitsgradering en die uitwys van leemtes en probleme ten opsigte van sekere aspekte van die voorvonnisverslag deur regslui.

Twintig respondente het aan die navorsing deelgeneem waaronder advokate (sommige met senior status), streeklanddroste, landdroste en prokureurs met ervaring in die strafhof, sowel as ervaring in die gebruik van voorvonnisverslae. Die aspekte van die voorvonnisverslag wat ondersoek is, is die verslagformaat, verslaginhoud, die beredenering van die feite (evaluasie), motivering onderliggend tot die aanbevelings, tegniese versorging, gebruik van assesseringsinstrumente, voordrag in die hof, en vaardighede en kennis nodig vir die skryf van die verslae. Die respondente is ook versoek om aan te dui of hulle voorkeure het ten opsigte van dienslewering deur óf 'n proefbeampte óf 'n privaat praktiserende maatskaplike werker. Die voorkeure is toegelig.

## SUMMARY

**Key terms: Pre-sentence report, criminal court, expert witness, reporting, psychosocial investigation, legal profession.**

Research has shown that courts and practising jurists increasingly use social work pre-sentence reports. Pre-sentence reports can be requested from probation officers and social workers in private practice. These reports are prepared with the purpose of assisting courts in determining the most appropriate sentence taking into account the criminal, the victim and the community.

Worldwide research as confirmed by this investigation indicates that jurists generally regard the **quality of pre-sentence reports** as **unsatisfactory**. This research focussed on jurists' quality grading and their pointing out of shortcomings and problems regarding certain aspects of the pre-sentence report.

Twenty respondents took part in this research among whom were advocates (some with senior status), regional magistrates, magistrates and attorneys with experience in the criminal court as well as being experienced in employing pre-sentence reports. The aspects of the pre-sentence reports concentrated on is the report format, report content, the discussion of the facts (evaluation), motivation underlying the recommendations, general appearance, use of assessment instruments, presentation in court, as well as skills and knowledge required to write the reports. The respondents were also requested to indicate they prefer the service of either a probation officer or a social worker in private practice. Their preferences are highlighted and discussed.

**VOORWOORD**

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Regulasie A.11.2.5 vir die graad MA (MW). Die artikel sal aan die vereistes van een van die vaktydskrifte vir maatskaplike werk, getitel *Die Maatskaplike Werk Navorser-Praktisyn / The Social Work Practitioner-Researcher* voldoen. **Die manuskrip vorm 10% van die totale kursuspunt.**

Riglyne vir outeurs soos deur hierdie tydskrif gestel, word hierna weergegee.

## RIGLYNE AAN OUTEURS

Die *Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn* is 'n interdissiplinêre tydskrif wat handel oor die metodes en praktyk van hulpverlening aan indiwidue, gesinne, klein groepe, organisasies en gemeenskappe. Die praktyk van professionele hulpverlening dui breedweg op die toepassing van doelgerig ontwerpte ingrypingsprogramme en prosesse in probleme van indiwiduele en samelewingsbelang, insluitende die implementering en evaluering van maatskaplike beleid.

Die tydskrif dien as middel vir die publikasie van oorspronklike verslae oor kwantitatiewe georiënteerde evalueringstudies; verslae oor die ontwikkeling en geldigheid van nuwe takseermetodes vir die praktyk; empiriese gebaseerde kritiek op literatuur van waarde vir die praktyk; teoretiese en konseptuele artikels van praktykimpak; kwalitatiewe ondersoek wat die praktyk inlig; en nuwe ontwikkelings op die gebied van georganiseerde navorsing. Alle empiriese artikels moet aan aanvaarde standaarde van wetenskaplikheid, toepaslikheid en objektiwiteit of bevestigbaarheid voldoen.

Die keuring van artikels vind op 'n blinde-portuurgroepbasis plaas. Outeurs kan verwag om binne drie maande na ontvangs in kennis gestel te word van die besluit van die redaksie. Manuskripte en 'n opsomming moet in drievoud gestuur word aan **Die Redakteur, Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn,** Posbus 524, Aucklandpark, 2006. Artikels moet dubbelgespasieerd getik wees, met tabelle en figure op aparte bladsye. Die manuskrip behoort die riglyne van die *Publication Manuel of the American Psychological Association,* 4de uitgawe, te volg.

Die finale hersiene manuskrip moet op 'n IMB-versoenbare disket voorsien word in MS Word-formaat, of per elektroniese pos gestuur word aan wam@w.rau.ac.za. Outeurs moet manuskripte nie gelyktydig by ander tydskrifte inhandig nie. Bladgelde is betaalbaar deur outeurs voor publikasie.

**MAATSKAPLIKE WERK — VOORVONNISVERSLAE : DIE ONTWIKKELING VAN RIGLYNE**

S.P. de Koning en P. Rankin
Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe
Noord-Wes Universiteit
Potchefstroom Kampus
Potchefstroom 2420

Korrespondensie moet geadresseer word aan:
Prof. P. Rankin
Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe
Vakgroep Maatskaplike Werk
Noord-Wes Universiteit
Privaatsak X6011
Potchefstroom
2520
E-pos adres: mwkpr@puknet.puk.ac.za

## MAATSKAPLIKEWERK-VOORVONNISVERSLAE: DIE ONTWIKKELING VAN RIGLYNE

**S P de Koning**
**Pretoria**

**Prof P Rankin**
**Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus)**

---

### 1. INLEIDING

**"The same words often mean different things to different people. This helps to keep the forensic pot boiling."**

Regter Schultz (*Langston Clothing (Properties) CC v Danco Clothing (Pty) Limited, September 1998).*

Voorvonnisverslae is een van 'n verskeidenheid van verslae wat deur maatskaplike werkers opgestel word vir gebruik deur verskillende howe. Ongeag die tipe maatskaplikewerk-verslag of die tipe hof wat dit aanvra, word dit beskou as 'n instrument wat deur die hof gebruik word tydens die regsproses wat meewerk om reg en geregtigheid op die doeltreffendste wyse te laat geskied. Hofverslae moet dus van 'n bepaalde kwaliteit wees en moet 'n bepaalde karakter hê om wel vir die hof en privaat regspraktisyns as instrument bruikbaar te wees. 'n Hofverslag wat deur 'n maatskaplike werker opgestel is weerspieël professionele kundigheid en oordeel en moet juis daarom van 'n hoë gehalte te wees.

Die praktyk en beskikbare literatuur, soos deurlopend in hierdie verslag na verwys word, toon onteenseglik dat regslui die maatskaplikewerk-voorvonnisverslag as 'n belangrike instrument ag met die oog op vonnisoplegging in die strafhof. Volgens regslui is die kwalifiserende faktor egter dat dit van 'n bepaalde gehalte moet wees. Lede van die regsprofessie het 'n behoefte aan voorvonnisverslae van 'n bepaalde kwaliteit uitgespreek maar terselfdertyd aangedui dat daar spesifieke leemtes in die huidige dienslewering bestaan. Met hierdie navorsingsprojek word hoofsaaklik gefokus op die kwaliteit van die voorvonnisverslag wat normaalweg deur proefbeamptes opgestel word.

### 2. PROBLEEMSTELLING

Die maatskaplike werker/proefbeampte se dienslewering aan die strafhof in Suid-Afrika geskied hoofsaaklik deur middel van verslae aan die howe; dit wil sê as 'n deskundige getuie (Howes, 1990:1). Volgens Van der Merwe, et al (1987:28-1) maak die strafreg voorsiening vir die aanvra van sodanige deskundige verslaggewing: "After proof of the previous convictions, or after the court has been informed that the accused has no previous convictions, the court may hear such evidence as it thinks fit in order to inform itself as to a proper sentence to be passed. The court may itself call witnesses to give evidence regarding sentence (eg. a probation officer) or may allow the prosecution or the defence to lead evidence."

Volgens die Brighton and Hove City Council (2001) is 'n **voorvonnisverslag** "an impartial report requested by the court, which gives information about the young person and the offence(s) that they have committed." In hierdie geval word verwys na jongmense, maar in Suid-Afrika is dit ook op volwassenes van toepassing. Die Tasmania Department of Justice (2006) sê die volgende oor die voorvonnisverslag: dit kan aangevra word nadat 'n persoon vir 'n oortreding(s) aangekla en skuldig bevind is met die oog op vonnisoplegging. Dit word gewoonlik deur 'n proefbeampte opgestel en is 'n omvattende verslag wat verskeie aspekte van 'n oortreder se verlede en hede ontleed. Die ondersoek sluit indiepte-onderhoude met die oortreder in. Die verslag bevat gewoonlik inligting oor die volgende aspekte: gesinsagtergrond en ander verhoudinge; opvoeding en beroep; akkommodasie; finansiële situasie; gesondheid; alkohol- en dwelmmisbruik; asook vorige en huidige oortredings.

Dit stem tot 'n groot mate ooreen met die Pennsylvania Consolidated Statutes (2001) wat die volgende siening oor die inhoud van die voorvonnisverslag huldig: "The presentence report shall include a summary of the circumstances attending the commission of the crime, the history of delinquency or criminality, physical and mental condition, family situation and background, economic status, education, occupation and personal habits of the defendant, and any other matters that the person preparing the report deems relevant or that the court directs be included."

Quebecse Sécurité Publique (Ministerie van Openbare Veiligheid, 1996) beskryf 'n voorvonnisverslag as "a document prepared at a judge's request. It contains pertinent information about the offender and the circumstances for which the individual has been convicted. The report provides the judge, before pronouncing sentence, with information that can help in reaching a decision on the most appropriate punishment for the crime."

Die maatskaplike werker as **deskundige getuie** se mening is volgens Schmidt (1982:430) gebaseer op sy/haar eie vakwetenskaplike kennis en ervaring asook die kennis en bevindinge van ander wetenskaplikes oor die feite. Hierdie ervaring en kennis van die deskundige getuie maak hom/haar meer bevoeg as die hof om op sy vakgebied die feite te beredeneer en om 'n oordeel te kan vel.

Assessering, evaluasie en aanbeveling is belangrike aspekte in maatskaplikewerkverslae wat as hulpmiddels in regsgedinge moet dien. Potgieter (1998:142) verduidelik die belangrikheid van **assessering** soos volg: "The purpose of assessment is to supply answers to questions like the following: "What is the problem? Why did it occur and what contributes towards its continuation? ... The ultimate purpose of assessment is to contribute understanding necessary for appropriate planning that will facilitate change." **Evaluasie** word deur Potgieter (1998:172) beskryf as "a scientific process that measures both the change process (movement) itself, and the results (improvement) or outcomes of change efforts." Die **aanbeveling** van die maatskaplike werker in 'n vakkundige verslag behoort in ooreenstemming met en 'n logiese voortvloeiing uit die argumenttrant van sowel assessering en evaluasie te wees. "In the courtroom, there is no such thing as too much clarity" (Trapp, datum onbekend:2).

Literatuurontleding van verskeie outeurs dui daarop dat daar leemtes in die huidige wyse van die aanbieding van voorvonnisverslae bestaan. Navorsing in Brittanje wat handel oor die **opleiding** van maatskaplikewerk-studente in regsaspekte word beskryf as "disheartening and disturbing". Die situasie in Suid-Afrika is ook onbevredigend (Howes, 1990:68). Die noodsaaklikheid van intensiewe, omvattende en effektiewe voorvonnis-assessering wat aan die howe die nodige inligting en leiding voorsien vir toepaslike vonnisoplegging word deur Steen en Monnette

(1989:3) en Gerber (1995:197) beklemtoon hoewel hulle die teendeel in die praktyk waarneem.

Uiteenlopende navorsing dui daarop dat gebrekkige assessering in 'n voorvonnisverslag kan lei tot die keuse van **vonnisopsies** wat nie altyd of noodwendig in die belang van alle belanghebbende partye is nie (Neser, 1993:33; Holmes & Holmes, 2002:xi; May & Vass,1999:162). Die oorbeklemtoning van gevangenisstraf as 'n effektiewe afskrikmiddel vir misdaad, die beskerming van die gemeenskap en die rehabilitasie van die misdadiger sonder oorweging van die persoon-in-situasie-beeld word om verskeie redes bevraagteken (Rossouw, 1997:1; Kotze, 2003:234; Dissel & Mnyani, 1995:2; Barker & Branson, 2000:89).

Terwyl regters die maatskaplikewerk-professie daarvan beskuldig dat risiko-assessering nie ingesluit word as deel van voorvonnisassessering nie is Milner en O'Byrne (1998:167) en Clifford (1998:4) van mening dat die **assesseringsinstrumente** waaroor maatskaplike werkers in Engeland beskik gebrekkig is. Volgens hulle ontbreek riglyne, 'n geskikte **formaat** asook 'n behoorlike **teoretiese raamwerk** ten opsigte van die take wat noodsaaklik is in die uitvoering van die assesseringsproses. Volgens Barker en Branson (2000:89) is maatskaplike werkers nie altyd bekend en vertroud met die verskillende rehabilitasie-opsies, die invloed van die misdaad op die slagoffer sowel as die geskikte instrumente om hierdie assessering te doen nie. Dit word om hierdie redes dus nie gebruik nie.

Daar word van die maatskaplike werker verwag om hom/haarself in die hof te handhaaf as 'n deskundige getuie wat oor die nodige kennis en ervaring beskik om die hof tot diens te wees. Tog wil dit voorkom asof maatskaplike werkers in hierdie opsig nie die mas opkom nie (Barker & Branson 2000:xi). Volgens die MacLean Committee (2003:1) vir ernstige gewelds- en seksuele misdadigers is maatskaplike werkers wie se getuienis nie voldoen aan die standaard van **deskundigheid** soos deur die hof verwag word nie 'n wêreldwye probleem. May en Vass (1996:1) se siening is dat voorvonnis-assessering een van die terreine in maatskaplike werk is waar daar tans 'n groter behoefte bestaan aan *meer* kennis en *meer* vaardighede as in die verlede.

Nordurft (2001:11–12) beklemtoon die belangrikheid van 'n hoë **standaard** van hofverslaggewing deur daarop te wys dat die meerderheid regters verslae van maatskaplike werkers noukeurig bestudeer; dat regsverteenwoordigers swakhede in 'n verslag sal uitbuit in hulle kliënt se belang; dat hofverslae deur terapeute wat dienste aan die kliënt lewer gebruik word; en dat skriftelike verslae in appèlhowe die enigste inligting is op grond waarvan 'n besluit geneem word.

Volgens Trapp (Datum onbekend:3) kan die **beeld van die professie** tydens regsgedinge geskaad word. Daarom is dit belangrik dat die lewering van 'n goeie verslag as 'n geleentheid benut moet word om maatskaplike werk se beeld te bevorder. "It is an opportunity to demonstrate to the court and the community the commitment of your department to the values of public safety and offender rehabilitation. It is an opportunity to demonstrate that their confidence in you and your department is not misplaced. ... Being well prepared for a hearing is more than good advice – it is good policy."

Die volgende **navorsingsvrae** vloei hieruit voort:

- Waaruit behoort die inhoud van 'n voorvonnisverslag te bestaan?
- Watter leemtes kom voor in voorvonnisverslae?

- Waaraan moet aandag gegee word om hofverslae as instrument in die regsproses meer doeltreffend te maak?

## 3. DOELSTELLINGS

### 3.1 Oorhoofse doelstelling

Die oorhoofse doelstelling van hierdie navorsing is om riglyne daar te stel vir die ontwikkeling van 'n voorvonnisverslag wat as doeltreffende instrument in die hof gebruik kan word.

### 3.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte is met die navorsing nagestrewe:

- Om vas te stel waaruit die inhoud van 'n voorvonnisverslag moet bestaan.
- Om leemtes in voorvonnisverslae te identifiseer.
- Om vas te stel waaraan aandag gegee moet word om voorvonnisverslae 'n doeltreffende instrument in die regsproses te maak.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die kwaliteit van voorvonnisverslae deur maatskaplike werkers kan verbeter word ten einde dit as doeltreffende instrument in die hof aan te wend.

## 5. METODES VAN ONDERSOEK

### 5.1 'n Literatuur- of bronontleding

'n Literatuurontleding is uitgevoer oor die aard, omvang en inhoud van die maatskaplikewerk-verslagskrywing as 'n ondersteunende diens aan die kliënt en die regsprofessie met spesifieke verwysing na die voorvonnisverslag, met die oog op vonnisoplegging in die strafhof.

Die volgende **databasisse** is in die Ferdinand Postma Biblioteek aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en die biblioteek aan die Universiteit van Pretoria geraadpleeg:

- Biblioteek-katalogus.
- Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels, asook internasionale artikels.
- GKPV (Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelings van Suid Afrikaanse Universiteite).

Die internet is ook as databasis geraadpleeg.

### 5.2 Empiriese ondersoek

Daar word beoog om die gestelde doelwitte te bereik deur die gebruikmaking van die volgende plan en struktuur:

5.2.1 ***Die Navorsingsontwerp***

Vir die doeleindes van eie navorsing word die Ontwikkelings- en Navorsingsbenuttingsmodel (DR en U-model) as die toepaslikste ontwerp beskou, aangesien die verbetering van bestaande maatskaplikewerk-tegnologie, naamlik die voorvonnisverslag, beoog word (Grinnell, 1981: 595).

Die doel van die beoogde navorsing is om 'n bydrae te lewer tot die uitbou van die maatskaplikewerk-kennisbasis en -wetenskap (basiese navorsing) sowel as om 'n probleemoplossende strategie aan die hand te doen (Bailey, 1994:26). Alhoewel dit gebruiklik is om te onderskei tussen basiese en toegepaste navorsing, is die twee kategorieë nie onderling uitsluitend nie (Strydom, 2003a:74). Die gebruik van sowel basiese navorsing as toegepaste navorsing word dus beoog.

Daar is beoog om hoofsaaklik kwalitatiewe maar ook kwantitatiewe fasette van die onderwerp te bestudeer. Dieselfde meetinstrument kan so ontwerp word dat dit oop én geslote vrae bevat ten einde albei fasette te bestudeer (Strydom, 2003a:75).

5.2.2 ***Navorsingsdeelnemers***

Die navorsingsdeelnemers het bestaan uit regspraktisyns wat op 'n beskikbaarheidsbasis geselekteer is. 'n Gestratifiseerde steekproef is gebruik bestaande uit regspraktisyns, voorsittende beamptes in strafhowe en staatsaanklaers. Uit elke groep is ten minste 10 deelnemers geselekteer.

- 'n Beskikbaarheidsteekproef (Rubin & Babbie, 2004:245) bestaande uit twintig (20) deelnemers is gebruik. Die steekproef is gebaseer op regslui wat toeganklik is vir die student.
- Regspraktisyns, voorsittende beamptes en aanklaers wat gereeld gebruik maak van maatskaplikewerk-verslae tydens regsgedinge as 'n ondersteunende diens, is as proefpersone oorweeg. Die steekproefarea was Pretoria en die Wesrand in Gauteng. Die wye omvang van die area is toe te skryf aan die beperkte toeganklikheid van die regslui.

5.2.3 ***Meetinstrumente***

In hierdie ondersoek is semi-gestruktureerde vraelyste gebruik om voorsiening te maak vir kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe aspekte. Dit is aan deskundiges voorgelê om die voorkomsgeldigheid daarvan te verseker.

Die vraeskedules dek identifiserende besonderhede, agtergrondgegewens en die proefpersoon se professionele mening met betrekking tot die verwagte/verlangde aard, omvang en inhoud van maatskaplikewerk-verslagskrywing as 'n ondersteunende diens aan die kliënt en die regsprofessie met spesifieke verwysing na regsgedinge.

5.2.4 ***Navorsingsprosedures***

Die volgende prosedures is gebruik vir die afhandeling van die navorsingsprojek:

- Die vraelys is ontwerp en aan kundiges voorgelê voordat dit getoets is om moontlike probleme uit te skakel.
- Die vraelyste is per hand by die navorsingsdeelnemers afgelewer met die aanduiding van 'n keerdatum nadat 'n telefoniese ooreenkoms bereik is.

- Meer vraelyste as wat benodig is, is uitgestuur om die minimum vraelyste wat nodig is, te verseker.
- Opvolgwerk is gedoen om soveel moontlik vraelyste terug te kry.

5.2.5 ***Etiese aspekte***

Die verantwoordelikheid vir die inagneming van etiese beginsels in die navorsingsproses berus by die individuele navorser. Etiese oorweginge of enige ander faktore wat probleme mag skep in die verkryging van data het aandag geniet asook die stappe wat beoog word om die potensiële probleme te oorkom (Grinnell & Williams, 1990:275).

Etiese kwessies wat aandag in die projek geniet het, is die volgende:

- **Vrywillige deelname**: Deelnemers is verseker dat deelname vrywillig is en dat hulle nie verplig is om enige inligting te verstrek nie.
- **Ingeligte toestemming**: Die aard en doel van die projek is aan elke deelnemer verduidelik, ten einde hulle te bemagtig om 'n ingeligte besluit te kan neem.
- **Vertroulikheid**: Deelnemers is die versekering gegee dat niemand op enige manier geïdentifiseer sal word nie.
- **Verslagdoening oor bevindinge**: Deelnemers sal onbeperkte toegang tot die verslag hê na afhandeling van die studie (Strydom, 2003b:22-26).

Die navorsingsvoorstel is ook aan die Etiese Komitee van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vir goedkeuring voorgelê (Projeknommer .07K02).

5.2.6 ***Dataverwerking, analise en interpretasie***

Aangesien 'n beperkte getal deelnemers by die projek betrokke was, is data deur die navorser self verwerk.

## 6. ANALISERING EN BESPREKING VAN RESULTATE

Twintig regsgeleerdes wat drie verskillende beroepe verteenwoordig, aktief betrokke is in strafregpleging, en gebruik maak van maatskaplikewerk-voorvonnisverslae, het deelgeneem aan die navorsing.

### 6.1 Profiel van die respondente

Die volgende demografiese besonderhede is aangevra en bekom:

6.1.1 ***Beroep***

Elf van die respondente praktiseer binne die Pretoriase Balie vir Advokate, waarvan drie senior status geniet. Die twee streeklanddroste en vyf landdroste is werksaam in die Wesrandgebied in Gauteng. Twee prokureurs van Pretoria het deelgeneem.

6.1.2 *Opvoedkundige kwalifikasies*

Die opvoedkundige kwalifikasies waaroor die respondente beskik is as volg:

| Kwalifikasie | Aantal respondente | % |
|---|---|---|
| B.Juris. LL.B. | 6 | 30 |
| B.Proc. LL.B. | 2 | 10 |
| Regsdiploma | 2 | 10 |
| BLC. LL.B. | 2 | 10 |
| B.Proc. | 1 | 5 |
| B.Juris. | 1 | 5 |
| B.A. LL.B. | 1 | 5 |
| B.Sc.Hons. LL.B. | 1 | 5 |
| B.Com. LL.B. | 1 | 5 |
| LL.B. | 1 | 5 |
| LL.M. | 1 | 5 |
| Onbekend | 1 | 5 |
| **TOTAAL** | 20 | 100 |

Die respondente word oor die algemeen beskou as hoogsgekwalifiseerde regslui wat hulle in die praktyk onderskei het en met gesag oor die onderwerp 'n mening kan vorm.

6.1.3 *Jare ervaring*

Die verspreiding van jare ervaring is soos volg:

| Aantal jare ervaring | Aantal respondente | % |
|---|---|---|
| Onbekend | 1 | 5 |
| 5 – 10 | 4 | 20 |
| 11 – 20 | 7 | 35 |
| 21 – 30 | 5 | 25 |
| 31 – 40 | 2 | 10 |
| 41 – 50 | 1 | 5 |
| **TOTAAL** | **20** | **100** |

Een respondent het geen aanduiding van sy aantal jare ondervinding gegee nie.

Die oorgrote meerderheid van regspraktisyns wat in die ondersoek betrek is, het aansienlike jare ondervinding. Dit stel hulle in 'n posisie om betekenisvolle uitsprake te maak oor voorvonnisverslae.

## 6.2 Persepsie van regslui oor die kwaliteit van maatskaplikewerk-voorvonnisverslae met toegeligte bespreking

Die **resultate** (kwalitatief en kwantitatief) verkry van die vraelyste (oop en geslote vrae) soos voltooi deur regslui, is soos volg; toegelig met 'n **bespreking** daarvan:

6.2.1 *Verslagformaat*

Die **formaat** wat tans algemeen in die praktyk gebruik word vir die voorvonnisverslag is aan die respondente voorgelê om te oordeel tot watter mate dit aan hulle **vereistes** voldoen:

**RAAMWERK VIR VOORVONNISVERSLAG**

Identifiserende besonderhede van betrokke welsynsinstansie/maatskaplike werker
Identifiserende besonderhede van kliënt/beskuldigde
Inligtingsbronne
Gesinsgeskiedenis
Behuising en omgewing
Opvoedkundige kwalifikasies en opleiding
Beroepsagtergrond
Huweliks-, gesins- en verhoudingslewe
Fisiese en psigiese gesondheid
Misbruik van alkohol en ander afhanklikheidsvormende middels
Sosiokulturele, religieuse en ontspanningsaktiwiteite
Sosioëkonomiese faktore
Misdaadgeskiedenis-
 Huidige oortreding(s)
 Vorige oortreding(s)
 Hangende oortreding(s)
Evaluasie
Vonnisopsies
Aanbeveling

**Tabel 1 Formaat se voldoening aan vereistes**

| FORMAAT VOLDOEN AAN VEREISTES | N | % |
|---|---|---|
| Glad nie | - | - |
| Slegs gedeeltelik | 6 | 30 |
| Ten volle | 13 | 65 |
| Geen kommentaar | 1 | 5 |
| TOTAAL | 20 | 100 |

Alhoewel 65% van die regslui aangedui het dat hulle geheel en al tevrede is met die formaat soos wat tans algemeen gebruik word het 'n aansienlike deel van hierdie persentasie aangedui dat die formaat wat **in die praktyk** gebruik word dikwels nie van hierdie aard en omvang is nie. Hieraan word afgelei dat respondente van mening is dat die formaat nie konsekwent in die praktyk aangewend word nie. Dertig persent (30%) het aangedui dat hulle gedeeltelik tevrede is. Hierdie groep verwag deurgaans dat die misdaadgeskiedenis, misdaadgeneigdheid berou en risiko-assessering van die kliënt meer omvattend aangebied sal word. Assessering van die uitwerking van die misdaad op die slagoffer/klaer moet ingesluit word. Die insluiting en inagneming van sielkundige verslae word versoek veral in die geval van jeugoortreders. Die formaat sal verder aangepas moet word om ook geskik te wees vir gebruik vir jeugoortreders. Volgens Clifford (1998:4) ontstaan probleme omdat maatskaplike werkers voorvonnisassessering doen met 'n teoretiese raamwerk waaroor daar nie algemene en omvattende instemming tot eenvormigheid bestaan nie. Dié uitkomste dui daarop dat maatskaplike werk in Suid-Afrika onder dieselfde probleem gebuk gaan.

Die regslui se reaksie dui daarop dat die ontwikkeling van 'n eenvormige formaat wat alle relevante faktore insluit soos deur regslui uitgewys belangrik is, indien die maatskaplikewerk-professie 'n sinvolle bydrae in regspleging wil maak.

### 6.2.2 *Verslaginhoud*

Ten opsigte van relevansie en bruikbaarheid beantwoord die **inhoud** van die voorvonnisverslae in die algemeen soos volg aan die behoefte aan inligting vir vonnisdoeleindes:

**Tabel 2 Inhoud se voldoening aan vereistes**

| INHOUD VOLDOEN AAN VEREISTES | N | % |
|---|---|---|
| Nooit | – | – |
| Selde | 2 | 10 |
| Soms | 8 | 40 |
| Dikwels | 8 | 40 |
| Altyd | 2 | 10 |
| Geen kommentaar | – | – |
| TOTAAL | 20 | 100 |

Die data toon dat 10% van die respondente in die praktyk vind dat die inhoud van verslae selde aan die vereistes beantwoord. Veertig persent (40%) van die respondente vind dat verslae 'soms' (met 'n persentasiewaarde van tussen 40–60%) daaraan beantwoord, en 40% vind dat dit 'dikwels' (met 'n persentasiewaarde van 60–80%) daaraan beantwoord. Volgens 10% van die respondente beantwoord die inhoud van voorvonnisverslae 'altyd' aan hulle vereistes.

Die vrae oor die gehalte van die verslae se inhoud het die meeste kritiek by die respondente uitgelok. Regslui dui aan dat die probleem met die inhoudelike van die verslae met betrekking tot volledigheid, relevansie en bruikbaarheid reeds by die formaat begin wat nie in die praktyk ooreenstem met die formaat soos in hierdie navorsing voorgehou nie. Dit bring mee dat belangrike aspekte nooit ondersoek en oorweeg word nie. Respondente is van mening dat noodsaaklike indiepte-ondersoeke nie gedoen en -onderhoude nie gevoer word nie. Dit gee aanleiding tot ontoereikende en/of foutiewe inligting/feite. Regslui is verder van mening dat te min bronne tydens 'n ondersoek geraadpleeg word. Die respondente toon aan dat die inligting wat bekom word nie deur die maatskaplike werkers geverifieer word vir korrektheid nie. Maatskaplike werkers lê oorwegend nie inisiatief of diskresie aan die dag om "dwingende of wesentlike faktore" buite die formaat in die verslag te inkorporeer nie. Ontoereikende en/of foutiewe inligting/feite het 'n negatiewe invloed op alle daaropvolgende stappe naamlik die evaluasie en motivering wat die aanbevelings onderlê. Dit lei daartoe dat die verslag nie die toets van die hof kan deurstaan nie.

Dit is 'n tendens wat wyd voorkom soos bevestig deur die literatuur met verwysing na navorsing wat onder andere in die VSA gedoen is deur Norman en Wadman (2000). Barker en Branson (2000:40) wys daarop dat die mees effektiewe maatskaplike werkers tydens hofverrigtinge onder meer beskik oor deeglike kennis en seker is van hulle feite. Om in beheer te wees van sy/haar vakgebied beteken dat 'n maatskaplike werker hom/haar sekerlik met meer selfvertroue in die hof sal kan handhaaf. Afgesien van die maatskaplike werker se eie verantwoordelikheid in hierdie verband kan daar tereg ook 'n vinger gewys word na die opleidingsinstellings. Leemtes ten opsigte van forensiese maatskaplike werk in die opleiding van die maatskaplike werkers word deur Howes (2000:68) en andere in die literatuur uitgewys. 'n Swaar werkslas is waarskynlik ook 'n bydraende faktor wat tot 'n gebrek aan indiepte-verslae lei.

Tekortkominge wat die tweede meeste uitgewys is, is soos volg: studies oor die uitwerking van die misdryf op die klaer/slagoffer; die moontlike implikasies wat die verskillende vonnisopsies, kort- en langtermyn, op die beskuldigde se gesin en familie kan hê; die siening van die gemeenskap; die beskuldigde se misdadige aard, motivering tot, en berou oor die misdaad asook die erns daarvan; die voorsiening van bykomende inligting wat as noodsaaklik beskou word in die geval van jeugoortreders soos skolastiese aanpassing, vordering, IK en prestasie volgens vermoë.

Bostaande inligting impliseer dat proefbeamptes en waarskynlik maatskaplike werkers in privaatpraktyk spesialiste moet wees in die veld van kriminologie en verslagskrywing. In die lig van die generiese aard van die voorgraadse opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika, moet so 'n wye veld gedek word dat spesialisvaardighede aan die hand van kort kursusse ontwikkel moet word.

Die regslui het ander tekortkominge uitgewys soos 'n gebrekkige kennis van relevante wetgewing met spesifieke verwysing na Artikel 51 van die Strafregwysigingswet, Wet 105 van 1997. Hulle het ook versoek dat sielkundige verslae en psigometriese toetsings by verslae ingesluit word. Volgens die respondente word die beskuldigde se rehabilitasiepotensiaal selde behoorlik toegelig. Hulle benadruk dat kwaliteit voorkeur moet geniet bo kwantiteit.

Die insluiting van psigometriese toetse en sielkundige verslae lê egter buite die maatskaplike werkers se veld van professionele vaardighede en word vermoed dat sielkundiges nie hierdie verslae sonder meer aan maatskaplike werkers sal verskaf nie. Maatskaplike werkers self is nie gekwalifiseer om psigometriese toetse af te lê of om sielkundige assesserings van oortreders te doen nie.

'n Senior advokaat het voorgestel dat 'n skaal ontwikkel word wat strafoplegging beter en meer eenvormig sal laat geskied. Hy is van mening dat dit min of meer op dieselfde wyse behoort te werk soos in die geval van die keuring van 'n kandidaat vir 'n vakante betrekking. Hy het dit so beskryf: 'n skaal "...waarvolgens 'n behoorlike waardeoordeel ten opsigte van die aard van die misdryf, die belange van die gemeenskap en die misdadiger, beoordeel kan word. Die voordeel vir die strafoplegger lê daarin dat *alle* verswarende en versagtende faktore voor hom/haar geplaas word. Byvoorbeeld 'n *bose motief*, sê op 'n skaal van tien, sal 'n volle tien punte toegeken word. Maar daarteenoor sal 'n *edele* motief (bv. genadedood) se puntetoedeling byvoorbeeld twee of drie uit 'n skaal van drie wees. Op hierdie gedagte kan uit(ge)brei (word) ten opsigte van alle faktore wat op straf van toepassing is."

May en Vass (1996:150) is ten gunste van die ontwikkeling van meganismes waardeur die kwaliteit van voorvonnisverslae bepaal kan word. In navorsing oor die betroubaarheid van kwaliteit-assesseringsgidse wat in Engeland gebruik word, is gevind dat die regters se kwaliteitsgradering tot 'n hoë mate ooreenstem met die uitkomstes van die meganismes wat ontwikkel en daar in gebruik is. Voorvonnisverslae in Suid-Afrika behoort beslis baat te vind by die ontwikkeling van 'n soortgelyke produk wat geskik is vir plaaslike omstandighede.

### 6.2.3 *Beredenering van feite*

**Tabel 3 Kwaliteit van die beredenering van feite in die verslag**

Die standaard van beredenering van die feite wat in die voorvonnisverslae van maatskaplike werkers vervat is, is soos volg beoordeel:

| KWALITEIT VAN BEREDENERING VAN FEITE | N | % |
|---|---|---|
| Baie swak | 2 | 10 |
| Swak | – | – |
| Gemiddeld | 10 | 50 |
| Deeglik | 8 | 40 |
| Baie deeglik | – | – |
| Geen kommentaar | – | – |
| TOTAAL | 20 | 100 |

Vyftig persent (50%) van die regslui het die beredenering van feite as 'gemiddeld' beskou terwyl 40% reken dit is 'deeglik'. Tien persent (10%) van die respondente beskou die beredenering van feite in voorvonnisverslae as 'baie swak'. Indien die 'gemiddeldes' en 'deeglikes' bymekaargetel word, kan die afleiding gemaak word dat die beredenering van feite as van 'n redelike standaard beskou kan word. Daar moet egter kennis daarvan geneem word dat 50% van die respondente wel die kwaliteit van die beredenering van feite as 'gemiddeld' beskou het, wat beteken dat daar wel ruimte vir verbetering is. 'n Deeglike en betroubare assessering kan nie gedoen word as daar nie 'n deeglike beredenering van feite plaasgevind het nie, veral omdat dit binne 'n hofomgewing gebruik moet word.

In teenstelling met die 'redelike' beeld wat die statistiek in Tabel 3 weerspieël het die regslui feitlik sonder uitsondering ernstige beswaar. Hoewel hulle die beredenering as sulks as redelik beskou reken hulle die probleem is juis dat dit op 'n foutiewe en/of onvolledige feitebasis berus want ondersoeke is meesal oppervlakkig en inligting word nie geverifieer nie. Dit beteken derhalwe dat die verslag onbruikbaar is vir die hof. Hierdie kwalifikasie is belangrik, alhoewel dit op die oog af nie ooreenstem met die response in tabel 3 nie. *Die afleiding kan dus gemaak word dat die maatskaplike werker se vaardigheid in die beredenering as sulks minder van 'n probleem is as die feit dat dit op 'n foutiewe feitebasis berus.* Soortgelyke navorsing deur Erasmus (2004:19) in die Newcastle-area se uitkomste vind hierby aansluiting. Hiervolgens het die meeste van die respondente die kwaliteit van assessering ten opsigte van voorvonnisverslae as van gemiddelde standaard beskou.

Die evaluering en aanbevelingstappe in die voorvonnis-assesseringsproses verg kennis, kundigheid en insig ten opsigte van beide maatskaplike werk, sowel as sekere toepaslike aspekte van die reg. Navorsing wat in Suid-Afrika en oorsee gedoen is (Howes, 1990:68+69 & Erasmus, 2004:12+28) bevestig die gebrek aan toepaslike regskennis wat noodsaaklik is vir voorvonnis-assessering by maatskaplike werkers in die praktyk.

Ondersoeke wat oor taal- en kultuurgrense heen gedoen word bring volgens die respondente mee dat inligting wat bekom word, nie korrek geïnterpreteer word weens gebrekkige kennis en ervaring van die kliënt se taal en kultuur. Dit is duidelik dat die respondente nie hier na diskriminasie verwys soos in die geval van May en Vass (1996:149) nie maar dis suiwer 'n gebrek aan kennis en insig van 'n kliënt of beskuldigde se taal en kultuur.

Dit blyk uit hierdie navorsing dat maatskaplike werkers toelaat dat hulle deur voorsittende beamptes en praktiserende praktisyns geïntimideer en beïnvloed word tot aanbevelings en toegewings wat in stryd is met hulle professionele mening. Maatskaplike werkers se objektiwiteit word dus bevraagteken. Dit is 'n tendens wat volgens die respondente selde by ervare en privaat praktiserende maatskaplike werkers voorkom. Baie van die respondente is van mening dat die **meer ervare** maatskaplike werkers hulself onderskei ten opsigte van die beredenering van die feite en die motivering van die aanbevelings wat gemaak word.

### 6.2.4 *Kwaliteit van motivering vir aanbevelings*

Die standaard van motivering onderliggend vir die aanbevelings wat in die hofverslae gemaak is, is soos volg beoordeel:

**Tabel 4 Standaard van motivering onderliggend tot die aanbevelings in die voorvonnisverslag**

| STANDAARD VAN MOTIVERING ONDERLIGGEND TOT DIE AANBEVELINGS | N | % |
|---|---|---|
| Baie swak | – | – |
| Swak | 4 | 20 |
| Gemiddeld | 6 | 30 |
| Goed | 8 | 40 |
| Uitstekend | – | – |
| Geen kommentaar | 2 | 10 |
| TOTAAL | 20 | 100 |

Die motivering onderliggend tot die aanbevelings is deur 40% van die respondente as goed beskou, 30% beskou dit as gemiddeld, en 20% dink dis swak.

Die gevolge van 'n foutiewe en gebrekkige feitebasis, waaroor die regslui hul misnoeë hierbo uitgespreek het, syfer volgens die respondente noodwendig deur tot op hierdie vlak. Verdere kommentaar dui daarop dat maatskaplike werkers nie alle faktore in ag neem wanneer aanbevelings gemaak en gemotiveer word nie. Onvanpaste motiverings word dikwels vir die tersaaklike vonnisopsies geformuleer.

Volgens die respondente oorweeg maatskaplike werkers meesal nie alternatiewe vonnisopsies nie. Hulle beweer ook dat 'n gebrekkige kennis van die bepalings ten opsigte van parool, vrylating en omskepping van vonnisse 'n probleem is en noodwendig daartoe lei dat maatskaplike werkers aanbevelings maak sonder om die gevolge in ag te neem. 'n Gebrek aan objektiwiteit by maatskaplike werkers en hul beïnvloedbaarheid ten opsigte van voorsittende beamptes het ook ter sprake gekom.

Verskeie respondente is van mening dat die vlak van ervaring aan die kant van die maatskaplike werker 'n beduidende verskil in die standaard van motivering onderliggend tot die aanbevelings maak.

### 6.2.5 *Tegniese versorging van verslag*

Die beoordeling van die standaard van die tegniese versorging van voorvonnisverslae ten opsigte van byvoorbeeld algemene voorkoms, taalgebruik, taalversorging, gebruik van vaktaal en ander toepaslike faktore is soos volg:

**Tabel 5 Standaard van tegniese versorging**

| STANDAARD VAN TEGNIESE VERSORGING | N | % |
|---|---|---|
| Voldoen byna nooit aan die vereistes | 1 | 5 |
| Voldoen soms aan die vereistes | 8 | 40 |
| Voldoen die meeste van die tyd aan die vereistes | 10 | 50 |
| Voldoen altyd aan die vereistes | – | – |
| Geen kommentaar | 1 | 5 |
| TOTAAL | 20 | 100 |

Volgens 40% van die regslui voldoen voorvonnisverslae se standaard 'soms' aan die vereistes en volgens 50% die 'die meeste van die tyd' aan die vereistes vir die tegniese versorging van verslae. Dit beteken dat daar leemtes in alle verslae bestaan.

Swak taalgebruik word as die grootste leemte beskou. Regslui is van mening dat baie maatskaplike werkers nie Engels en/of Afrikaans na behore magtig is nie en hulself daarom nie professioneel in die hof kan handhaaf nie. Inligting word as gevolg hiervan ook dikwels nie korrek oorgedra nie. Verdere leemtes wat uitgewys is was spelfoute, swak tikwerk en die gebrek aan 'n inhoudsopgawe. Die verslae word meesal nie geproeflees om foute reg te stel voordat dit aangebied word nie. Maatskaplike werkers word daarvan beskuldig dat hulle vaktaal kunsmatig aanwend terwyl ander verwag dat die gebruik van vaktaal 'n bygaande verduideliking vereis.

Besware vervat in die bostaande paragraaf is 'n ernstige aanklag omdat dit die professionele beeld van die maatskaplike werkers in die oë van ander professies ernstig aantas. Dit is ook probleme wat deur deeglike supervisie reggestel kan word.

6.2.6 ***Assesseringsinstrumente***

Regslui is versoek om aan te dui of inligting oor assesseringsinstrumente wat deur maatskaplike werkers tydens assessering gebruik is in verslae aangedui word asook of die uitkomste daarvan weergegee en geïnterpreteer word. Die resultaat is soos volg:

**Tabel 6 Gebruik en interpretasie van assesseringsinstrumente**

| INLIGTING OOR ASSESSERINGSINSTRUMENTE | N | % |
|---|---|---|
| Nooit | 3 | 15 |
| Selde | 4 | 20 |
| Soms | 5 | 25 |
| Dikwels | 4 | 20 |
| Altyd | 1 | 5 |
| Geen kommentaar | 3 | 15 |
| TOTAAL | 20 | 100 |

In 60% van die gevalle ('nooit' = 15%, 'selde' = 20% en 'soms' = 25% op 'n 5-puntskaal) word daar volgens die respondente op 'n onbevredigende wyse met assesseringsinstrumente gehandel. Vyf-en-twintig persent ('dikwels' = 20% en 'altyd' = 5%) bevat wel inligting daaroor. Hierdie leemte noop regslui om hulle tot ander dissiplines te wend vir hulp. In die geheel beoordeel, skep gegewens vervat in die

tabel 'n negatiewe beeld. Dit is belangrik om aan te dui met watter doel 'n assesseringsinstrument gebruik is, hoe dit werk en wat die uitslag daarvan was.

Navorsing deur Erasmus (2004:20) dui daarop dat sowel maatskaplike werkers as regslui kennis van en opleiding in assesseringsinstrumente as 'n groot leemte beskou. Volgens Lösel et al (1992:111) is die assesseringsinstrumente wat tans in forensiese maatskaplike werk gebruik word eerder op die behandeling van die oortreder gerig as om regsverwante kwessies aan te spreek.

### 6.2.7 *Kwaliteit van voordrag van voorvonnisverslae in die howe*

Respondente is gevra om die standaard van voordrag en hantering van die voorvonnisverslae deur die maatskaplike werker in die hof te beoordeel. Die volgende uitkomste is bekom:

**Tabel 7 Standaard van voordrag**

| STANDAARD VAN VOORDRAG | N | % |
|---|---|---|
| Baie swak | – | – |
| Swak | 1 | 5 |
| Gemiddeld | 10 | 50 |
| Goed | 9 | 45 |
| Uitstekend | – | – |
| Geen kommentaar | – | – |
| TOTAAL | 20 | 100 |

Vyftig persent (50%) van die respondente is van mening dat voordragte en hantering van verslae in die hof as 'gemiddeld' beskou kan word terwyl 45% reken dit is 'goed'. Vyf persent (5%) regslui beskou die standaard van voordrag as 'swak'.

Die respondente is van mening dat ervaring net so 'n belangrike rol speel in die standaard van voordrag en hantering van voorvonnisverslae as die noodsaaklike kennis en vaardighede waaroor die maatskaplike werker behoort te beskik vir die voorbereiding van voorvonnisverslae. Ervare maatskaplike werkers vaar volgens regslui beter in die howe. Hulle verslae beskik meesal oor die noodsaaklike feite, is goed gemotiveer, spreek al die tersaaklike elemente ten opsigte van strafoplegging aan terwyl hulle self voorbereid en vertroud is met die inhoud. 'n Streeklanddros het aangedui dat hy aandring op verslae deur slegs spesifieke ervare maatskaplike werkers.

Regslui is van mening dat maatskaplike werkers dikwels nie voorbereid is om vrae ter kwalifisering van hul verslaginhoud te beantwoord nie. 'n Swak verslag kan volgens regslui nie deur 'n goeie getuie aangevul word nie, net soos wat 'n redelike verslag deur 'n swak getuie gekelder kan word. Volgens die kommentaar laat sommige maatskaplike werkers toe dat hulle deur voorsittende beamptes geïntimideer word. Hulle sal onder druk van die voorsittende beampte toegewings maak selfs indien dit in stryd is met die verslag en/of na die oordeel van die betrokke maatskaplike werker.

Volgens Barker en Branson (2000:54) is: "Effective performance as an expert witness is challenging and complex. Doing it well requires considerable knowledge, experience, and social skills." Kennis van hofprosedures, toelaatbare getuienis en die rolspelers in die hof speel hier ook 'n belangrike rol. Barker en Branson

(2000:54) is verder van mening dat: "Experience usually enables the worker to respond to the examiner's questions in ways that are most helpful to all concerned. Social skills are important in giving the worker the ability to clearly communicate the information without being diverted or distressed by the manner of questioning." Die onbekwaamheid van 'n maatskaplike werker bring mee dat kosbare hoftyd vermors word en dat die deskundige getuie die risiko loop om deur die hof gediskrediteer te word.

### 6.2.8 *Aanvraag van verslag*

'n Voorvonnisverslag kan van die hof aangevra word van óf 'n proefbeampte in diens van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling, as 'n gratis diens, óf direk van 'n maatskaplike werker in privaat praktyk, teen vergoeding. Die respondente is versoek om aan te dui van wie se dienste hulle as eerste keuse gebruik maak.

**Tabel 8 Aanvraag van verslag**

| AANVRAAG VAN VERSLAG | N | % |
|---|---|---|
| Proefbeampte | 5 | 25 |
| Privaat praktiserende maatskaplike werker | 14 | 70 |
| Geen kommentaar | 1 | 5 |
| TOTAAL | 20 | 100 |

Vyf en twintig persent (25%) van die respondente het aangedui dat hulle voorkeur gee aan die dienste van proefbeamptes, terwyl 70% voorkeur gee aan die dienste van privaat praktiserende maatskaplike werkers. Vyf persent (5%) respondente het geen voorkeur aangedui nie.

Regslui wat voorkeur gee aan **proefbeamptes** se voorvonnisverslae, beskou die beamptes as meer toeganklik. Finansiële oorwegings speel 'n belangrike rol, omdat kliënte nie altyd oor die nodige fondse beskik om van deskundiges gebruik te maak nie. Een respondent beskou proefbeamptes as meer ervare, en gee daarom aan hulle voorkeur.

Die redes wat die meeste aangevoer word deur regslui wat verslae deur **privaat praktiserende maatskaplike werkers** verkies word soos volg opgesom: eerstens, volledige en indiepte-ondersoeke en -verslae word voorsien; beredenering en motivering onderliggend tot die aanbevelings word gemaak; word beskou as goed voorbereide deskundiges; en verslae word betyds voorsien.

Tweedens, privaat praktiserende maatskaplike werkers se dienste word verkies omdat hulle as meer ervare en objektief beskou word en beter gekwalifiseer is. Ander redes wat aangevoer word is goeie taalvaardigheid, die feit dat hulle nie maklik deur die hof en ander regslui geïntimideer word nie en hulle beskik oor meer kennis en insig van die reg en hulpbronne in die gemeenskap. Volgens van die regslui maak privaat praktiserende maatskaplike werkers meer geredelik gebruik van insette deur ander dissiplines en dit word as 'n voordeel beskou. 'n Verdere voordeel is dat die kliënt en/of die praktiserende regspraktisyn die deskundige in hierdie omstandighede kan kies met inagneming van kundigheid, ervaring en beskikbaarheid.

Nadele wat gemeld is in die gebruikmaking van privaat praktiserende maatskaplike werkers, is eerstens bekostigbaarheid. Nie alle kliënte beskik oor die fondse om

gebruik te maak van die dienste van 'n deskundige getuie nie. 'n Betaalde diens kan verder daartoe lei dat die maatskaplike werker se objektiwiteit bevraagteken kan word, soos in die geval van deskundige getuies van ander dissiplines.

Barker en Branson (2000:54) stel dat indien 'n praktiserende regsgeleerde bevooroordeelde getuienis van 'n maatskaplike werker verwag behoort daar by die etiese forensiese deskundige geen onduidelikheid te wees wat van hom/haar verwag word nie. "Their codes of ethics explicitly state that their testimony is to be objective, truthful, and based solely on evidence presented, regardless of which side is employing them." Hulle wys verder daarop dat ervaring en opleiding (veral op meestersgraadvlak) die maatskaplike werker as deskundige getuie onderskei.

### 6.2.9 *Vaardighede en kennis vir voorvonnis-verslagskrywing*

Die respondente is gevra om aan te dui watter vaardighede en/of kennis na hul mening nodig is vir die skryf van voorvonnisverslae deur 'n maatskaplike werker. Die uitkomstes word hiernaas saamgevat.

Met die oorweging van die bevindings van die vraelyste in die algemeen en hierdie vraag in die besonder het die meeste respondente deurgaans groot klem gelê op vier aspekte naamlik die kennis van en vaardigheid om: (i) 'n volledige en indiepte-ondersoek te loods wat 'n relevante en volledige feitebasis oplewer (dit word as van kardinale belang beskou omdat dit die kwaliteit van alle stappe van die proses wat hierop volg ingrypend raak); (ii) die feite te kan beredeneer en vrae daaroor te kan beantwoord; (iii) die motivering onderliggend tot die aanbevelings te formuleer en kwalifiserende vrae daaroor te kan beantwoord; en (iv) om kennis en insig te hê van toepaslike regsaspekte. Aspekte wat beklemtoon is, is kennis van die verskeie vonnisse wat betrekking het op spesifieke misdrywe, alternatiewe vonnisoplegging, omskepping van vonnisse, kennis van minimum vonnisse (Wet 105 van 1997), asook die bepalings rondom parool en vrylating.

Die vlak van ervaring van elke proefbeampte/maatskaplike werker dra volgens die respondente feitlik net soveel gewig as die voorafgaande vier aspekte. 'n Streeklanddros het daarop gewys dat hy slegs van sekere proefbeamptes wat 'n bepaalde standaard lewer gebruik maak. Onervare beamptes se verslae word as swak tot baie swak beskou. Dit bring volgens die respondente mee dat die hof so 'n 'deskundige' getuie moet diskrediteer tot verleentheid van die maatskaplikewerkprofessie. Kosbare hoftyd gaan ook in sulke gevalle verlore.

In die derde plek word kommunikasiemetodiek asook skriftelike en mondelinge taalvaardigheid as belangrik uitgewys. Die vaardigheid van die maatskaplike werker om sy/haar deskundige getuienis op 'n professionele wyse aan te bied en nie toe te laat dat hy/sy deur die voorsittende beampte, staatsaanklaer, prokureur of advokaat gemanipuleer of beïnvloed word nie, moet bemeester word. Mensekennis is verder as die derde belangrikste uitgewys.

In die vierde plek is die volgende aspekte genoem:

- Kennis van die gevangenisopset
- Rehabilitasiemoontlikhede en die gepaardgaande toeganklikheid daartoe
- Kennis van die gemeenskap en gemeenskapsondersteuningsnetwerke
- Kennis en vaardigheid ten opsigte van assesseringsinstrumente en -metodes
- Die vaardigheid en kennis om berou te evalueer

- Kennis van sosiologie en psigologie
- Die samewerking met, en gebruikmaking van ander dissiplines se insette
- Die beskikbaarheid en gebruikmaking van 'n klankbord en ondersteuningstelsel binne die professie self, soos supervisie
- Die sinvolle gebruik en verduideliking van vakterminologie in verslae
- Erkende akademiese opleiding

Maatskaplike werk het 'n lang verbintenis met die howe. Ten spyte daarvan bestaan daar aan die een kant steeds wesenlike struikelblokke wat oorkom moet word voordat die rol van die maatskaplikewerkprofessie binne die regstelsel volwaardige erkenning sal geniet. Dieselfde geld die maatskaplike werker wat struikelblokke in hierdie verband moet oorkom om sy/haar rol binne hierdie milieu met die nodige professionele vaardigheid te vervul (Howes, 1990:73). May en Vass (1996:153) stel dit so: "It is this combination of ethical clarity, critical knowledge and practical skill which social workers writing PSR's have to achieve, if social work with offenders is to survive in the present hostile environment."

## 7. GEVOLGTREKKING

- Hoewel die **formaat** van 'n voorvonnisverslag wat in hierdie navorsing aan die respondente voorgehou is, en tans ook in die praktyk gebruik word, met die uitsondering van enkele leemtes wat uitgewys is, aan die regslui se vereistes beantwoord is dit nie 'n weerspieëling van wat meesal in die praktyk ondervind word nie. Afgesien daarvan dat die individuele maatskaplike werkers nie in alle gevalle die formaat ten volle gebruik nie, kan deel van die probleem toegeskryf word aan die gebrek aan 'n eenvormige formaat wat deur alle belanghebbende partye onderskryf word.
- Die **inhoud** van voorvonnisverslae voldoen in die algemeen dikwels nie aan die behoefte aan inligting vir vonnisdoeleindes nie. Dit kan toegeskryf word aan oppervlakkige en onvolledige ondersoeke en onderhoude waarin verskeie faktore 'n rol kan speel, waaronder gebrekkige opleiding, 'n oorvol werkskedule en 'n gebrek aan toewyding.
- 'n Maatskaplike werker behoort op voorgraadse vlak in die gebruik van 'n omvattende formaat opgelei te word en sowel teoretiese as praktiese onderrig te ontvang in die bestuur van alle fasette van 'n ondersoek en assessering asook die gepaardgaande vaardighede. Nogtans dui die werklikheid daarop dat daar maatskaplike werkers in die praktyk is wie se **opleiding** óf nie aan 'n bepaalde standaard beantwoord het nie óf hulle het die praktyk betree sonder dat hierdie kennis en vaardighede bemeester is.
- Die navorsing het aangetoon dat die beskikking oor tersaaklike **regskennis** deur maatskaplike werkers die kwaliteit van voorvonnisverslae sal verbeter. Hoewel 'n gebrek aan tersaaklike regskennis die voorvonnisondersoek self nadelig beïnvloed omdat belangrike inligting as gevolg daarvan oorgesien kan word, blyk dit dat die invloed daarvan op die aanbevelings en die motivering daarvan die hof die meeste frustreer. Die individu, werkgewers en opleidingsinstansies, in samewerking met regslui, behoort die 'gebrek aan regskennisprobleme' aan te spreek.
- In die lig daarvan dat die meer **ervare maatskaplike werker** hom/haar onderskei in die evaluering en aanbevelings vir die voorvonnisverslag, kan 'n **keuringstelsel** vir geskikte forensiese maatskaplike werkers verhoed dat maatskaplike werkers wat glad nie, of nog nie, opgewasse vir die taak is nie die regstelsel frustreer nie.
- Moontlike ontoereikende **personeelbestuur** bring mee dat maatskaplike werkers wat nie opgewasse is vir voorvonnisassessering op 'n terrein

funksioneer waar hy/sy nie die uitkomste kan lewer wat dit vereis nie. Howe word hierdeur gefrustreer, tyd gaan verlore, die professie se beeld word geskaad en die belastingbetaler se geld is in die gedrang. Dit gebeur terwyl effektiewe personeelbestuur dieselfde werker op 'n terrein kan plaas waar hy/sy 'n produktiewe en sinvolle bydrae kan lewer.

- Voorvonnisassessering word oor kultuurgrense heen gedoen wat beteken dat maatskaplike werkers wat voorvonnisondersoeke doen, 'n sensitiwiteit vir die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing behoort te hê. **Kulturele aspekte** moet dus by die opstelling van die voorvonnisverslag oorweeg word.
- Gebrekkige **taalvaardigheid** en gebreke ten opsigte van **tegniese versorging** in die opstel van voorvonnisverslae is knelpunte wat geïdentifiseer is. Dit skaad die professionele beeld van die maatskaplike werker in die oë van die hof.
- Sowel maatskaplike werkers as regslui glo dat 'n groot leemte die gebrek is aan geskikte **assesseringsinstrumente** vir gebruik deur forensiese maatskaplike werkers met die oog op voorvonnisverslae.
- Respondente maak 'n onderskeid tussen die **kwaliteit van verslae** opgestel deur proefbeamptes en verslae opgestel deur privaat maatskaplike werkers. Laasgenoemde praktisyns se verslae word in die algemeen as van 'n hoër standaard geag as dié van proefbeamptes.
- Dit wil voorkom asof die **professionele wil** by 'n groot persentasie forensiese maatskaplike werkers ontbreek om 'n produk te lewer wat hulle met professionele selfvertroue en trots aan die regskorps kan lewer.
- Nog 'n gevolgtrekking is dat privaat praktiserende maatskaplike werkers wat hulle as deskundige getuies in die howe onderskei het oor die nodige ervaring en uitgebreide opleiding in hul vakgebied en relevante areas beskik.
- Die regslui se voorkeur in die gebruikmaking van privaat praktiserende maatskaplike werkers se dienste dui daarop dat **privaat praktyke** die aandag van regslui getrek het vanweë hoëgehalte dienslewering.

## 8. RIGLYNE VIR VOORVONNISVERSLAE

- Dis 'n gegewe dat daar in die praktyk nie 'n formaat vir voorvonnisverslae bestaan waarop daar algemeen en met instemming deur alle belanghebbende partye ooreengekom is nie. Juis daarom behoort die betrokke maatskaplike werker as professionele persoon verantwoordelikheid te aanvaar om seker te maak dat die formaat wat hy/sy gebruik volledig voldoen aan die vereistes van die hof of praktiserende regsgeleerde wat die diens aangevra het.
- 'n Maatskaplike werker wat belangstel in die verskaffing van forensiese maatskaplike werk behoort daarvan bewus te wees dat hoë eise in die howe gestel word aan kennis en vaardigheid in die voer van volledige en indiepte-onderhoude en -ondersoeke. Dit vorm immers die basis waarop die verslag in geheel berus.
- Tersaaklike regskennis (afgesien van die maatskaplikewerk-kennis, -vaardighede en -insigte) is 'n ononderhandelbare voorvereiste vir die beredenering van feite en die motivering van aanbevelings vir die voorvonnisverslag.
- Die beredenering van die feite en die motivering onderliggend tot die aanbevelings vorm die kern van die maatskaplike werker se deskundige getuienis. Dit word van 'n deskundige getuie verwag om in beheer van die feite in sy/haar verslag te wees en om die evaluering en aanbevelings aan die hof toe te lig indien hy/sy daarom gevra word. Insig speel hier 'n kardinale rol asook die vermoë om hierdie insigte sinvol aan die hof oor te dra.

- Die maatskaplike werker wat die opdrag ontvang om 'n voorvonnisverslag te lewer asook persone in beheer wat die opdrag toeken (bv. binne die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling) behoort in die geval van ondersoeke oor taal- en kultuurgrense heen seker te maak dat daar oor die nodige vaardighede beskik word soos deur die situasie vereis. Dit behoort streng gesproke ook te geld wat die nodige ervaring betref.
- Die tegniese versorging van 'n voorvonnisverslag getuig van professionele trots en behoort die aandag te kry wat dit verdien. Vakkundige taal moet met sorg aangewend word. Maatskaplike werkers behoort voorbereid te wees om vaktaal in die hof te verduidelik.
- Afgesien van kennis is sosiale en kommunikasievaardighede en ervaring van groot belang in die suksesvolle hantering en voordrag van 'n verslag in die hof.
- Te midde van kennisontploffing en tegnologiese ontwikkelings moet die individuele maatskaplike werker toegee aan die eise om werk van 'n veel hoër standaard te lewer as wat tans die geval is ongeag die omvang van die taak (asook om weg te breek uit 'n gemaksone).
- Die nodige ervaring asook nagraadse en uitgebreide opleiding is belangrike kwalifiserende faktore in die onderskeiding van 'n deskundige getuie. Erkenning in sy/haar veld, spesiale opleiding in spesifieke areas, die aanbieding van lesings, die publikasie van eie werk en 'n wye kennis van die literatuur is onontbeerlik. Die maatskaplike werker wat hom/haarself wil onderskei as deskundige getuie behoort hiervan kennis te neem.
- Die ontwikkeling van 'n gesonde professionele wil en trots om bo die gemiddelde uit te styg is juis dit wat dienslewering van uitnemende gehalte uiteindelik laat **gebeur.**

## 9. AANBEVELINGS VIR DIE VERBETERING VAN VOORVONNISVERSLAE

- In die lig van die lang verbintenis van maatskaplike werk met die howe asook die toenemende vraag na en behoefte aan voorvonnisverslae deur regslui maak dit net sin dat forensiese maatskaplike werk reeds op voorgraadse vlak sy regmatige plek inneem. Nagraadse en spesialiteitskursusse kan die probleem met die huidige standaard in die praktyk verlig. Indiensopleiding verskaf deur werkgewers behoort **kundiges** in die veld te betrek en dit met erns te benader.
- Die ontwikkeling en standaardisering van assesseringsinstrumente wat nodig is in voorvonnisondersoeke behoort voorkeuraandag te kry.
- Navorsing oor die ontwikkeling van 'n omvattende praktykmodel of teoretiese raamwerk vir voorvonnisassessering wat alle belanghebbende partye akkommodeer en om uiteindelik algemeen aanvaar en erken word, word aanbeveel.
- Dis onontbeerlik dat daar onverwyld oorweging geskenk word aan 'n navorsingsprojek met die oog op die ontwikkeling van 'n model vir die gehaltebeheer van voorvonnisverslae.
- 'n Bykomende voorstel is die insluiting van 'n taalvaardigheidskursus vir studente op voorgraadse vlak wat nie 'n vaardigheidstoets vooraf kon slaag nie.
- In alle gevalle waar voorvonnisverslae voorsien word moet diegene wat vir kwaliteitsbeheer verantwoordelik is, of die verantwoordelike beamptes, toesien dat slegs diegene wat 'n bepaalde bevoegdheidsvlak bereik het voorvonnisverslae aan die howe voorsien.
- Nog 'n aanbeveling is dat navorsing aangepak word om vas te stel waarom die standaard van voorvonnisverslae in die algemeen so onbevredigend is. Deur die kern van die probleem bloot te lê is sekerlik die beste wyse om die

oplossings daarvoor te vind. Die standaard van opleiding ten opsigte van forensiese maatskaplike werk moet onder die loep kom asook die slaagvoorwaardes van maatskaplikewerk-studente op voorgraadse vlak en die moontlikheid om kwalifiserende vereistes daar te stel vir die maatskaplike werker as deskundige getuie.

- 'n Laaste voorstel is 'n doelgerigte bemarkingsveldtog onder praktiserende maatskaplike werkers om verdere studie ernstig te oorweeg. Werkgewers moet hul werknemers aanmoedig om verder te studeer.

## 10. SAMEVATTING

Maatskaplike werkers wat hulself bewys het as deskundige getuies in die howe is deeglik bewus van die aanspraak wat hierdie tipe dienslewering in die algemeen maak op kennis, intellektuele vermoëns, kommunikasievaardighede en ervaring. Daar bestaan 'n toenemende aanvraag vir voorvonnisverslae omdat regsgeleerdes bewus is van die bydraes wat die maatskaplikewerk-professie in hierdie verband kan maak. In die literatuur en huidige navorsing is daar egter ook bewyse dat die maatskaplike werker se dienslewering aan die howe, as sekondêre kliënt, dikwels nie aan die vereistes van die regsgeleerdes voldoen nie. Die beeld van die maatskaplikewerk-professie word ongelukkig hierdeur geskaad. Nimmer in sy ontwikkelingsverloop was die druk op die professie om gebreke in sy dienslewering aan die howe reg te stel nog nooit so groot soos juis nou nie.

> **"It is usually worthwhile to stand back and ask yourself what the bottom line of a case is and whether the application of legal principles has led to a just result."**

REGTER WUNSH (*Gordon Lloyd Page & Assoc v Rivera, April 1998 CLR 211*).

* * * * *

## BRONNELYS


BAILEY, K.D. 1994. Methods of social research. New York: The Free Press. 588 p.

BARKER, L.R. & BRANSON, D.M. 2000. Forensic Social Work. New York: The Haworth Press. 262 p.

BRIGHTON EN HOVE CITY COUNCIL. 2001. Pre-sentence reports. [Web:] http://www.brighton-hove.gov.uk/index.cfm?request=c1138963. [Datum van gebruik: 1 November 2006]

CLIFFORD, D. 1998. Social assessment theory and practice : a multi-disciplinary framework. Great Britain: Antony Rowe Ltd. 289 p.

DISSEL, A. & MNYANI, M. 1995. Sentencing options in South Africa. University of Cape Town : Occasional paper series 2 – 95. 13 p.

ERASMUS, M. 2004. Pre-sentence assessment of sexual offenders for correctional supervision. Potchefstroom: Noord-Wes Universiteit ( MA-MW). 39 p.

GERBER, F.A. 1995. 'n Penologiese ondersoek na korrektiewe toesig. Pretoria: Unisa. (Verhandeling M.A. Penologie). 291 p.

GRINNELL, R.M. 1981. Social Work Research and Evaluation. Itasca, LLL: F.E. Peacock. 733 p.

GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. Research in Social Work: a primer. Itasca, LLL: F.E. Peacock Publishers. 321 p.

HOLMES, S.T. & HOLMES, R.M. 2002. Sex crimes: patterns and behavior. USA : Sage Publications. 291 p.

HOWES, M.F. 1990. Die Maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof. *Maatskaplike werk / Social Work*, 26 (1) : 68.

KOTZE, G.J. 2003. Armoede- en misdaadgesentreerde dienslewering. (MWKG 251). Potchefstroom : PU vir CHO. (D8/2003). 246 p.

LÖSEL, F., BENDER, DE. & BLIESENERT, T. 1992. Psychology and Law. New York: Walter de Gruyter. 216 p.

MACLEAN COMMITTEE. 2003. Serious Violent and Sexual Offenders: Criminal Justice. Publications on Line. [Web] http://222.scotland.gov.uk/library3/justice [Datum van gebruik: 11 Maart 2004].

MAY, T. & VASS, A.A. 1996. Working with offenders. London: Sage Publications. 265 p.

MILNER, J. & O'BYRNE, P. 1998. Assessment in Social work. London: Macmillan Press Ltd. p. 206 p.

NESER, J.J. 1993. Ondersoek na menings oor korrektiewe toesig. *Die Landdros/The Magistrate*, Volume 28, No. 1, Maart 1993.

NORDURFT, Judy. 2001. Documentation and writing skills for legal reports. Berkeley. California Social work Education Center (CALSWEC) University of California. Berkeley School for Social Welfare. [Web:] http://calswec.berkeley.edu. pp. 11-17. [Datum van gebruik: 3 Mei 2001].

NORMAN, M.D. & WADMAN, R.C. 2000. Utah Presentence investigation reports: User Group Perceptions of Quality and Effectiveness. Federal Probation: Vol. 64(1), June 2000. Academic Search Premier Data Basis 3351161.

PENNSYLVANIA CONSOLIDATED STATUTES. 2001. Judiciary and judicial procedures.http://members.aol.com/StatutesP2/42.Cp.97D.html [Datum van gebruik: 1 November 2006]

POTGIETER, M.C. 1998. The Social Work Process. Development to empower people: Suid-Afrika: Prentice Hall South Africa (Pty) Ltd. 306 p.

ROSSOUW, D.P. 1997. Korrektiewe toesig in die Klerksdorp en Rustenburg gemeenskap: 'n maatskaplike werk ondersoek. Potchefstroom: PU vir CHO (verhandeling MA (MW)). 179 p.

RUBIN, A. & BABBIE, E. 2004. Research methods for social work. Belmont, CA: Thompson. 789 p.

SCHMIDT, C.W.H. 1982. Bewysreg. Durban/Pretoria: Butterworths. 647 p.
SECURITE PUBLIQUE, QUEBEC. 1996. Pre-sentence report [Web:] http://www.msp.gouv.qc.ca/reinsertion/reinsertion_en.asp?txtSection=miliferm&txtNomAutreFichier=rapresen_en.htm [Datum van gebruik: 1 November 2006].
STEEN, C. & MONNETTE, B. 1989. Treating adolescent sex offenders in the community. Illinois: Charles Thomas Publisher. 204 p.
STRYDOM, H. 2003a. Maatskaplikewerk-navorsing. (Diktaat MWK 321/411, D18/2003.) Potchefstroom P.U. vir C.H.O. 268 p.
STRYDOM, H. 2003b. Maatskaplikewerk-navorsing: Teorie en praktyk. (Diktaat MWKM 876.) Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. 115 p.
TASMANIA DEPARTMENT OF JUSTICE. Pre-sentence reports. [Web:] http://www.justice.tas.gov.au/communitycorrections/probation_order/pre_sentence_report [Datum van gebruik: 1 November 2006].
TRAPP, DON, (Datum onbekend). Stating your case: A probation officer's guide to report writing and court testimony. Portland, Oregon. Mulnomah County Adult Community Justice. [web:] www.co.multnomah.or us/dcj/stating-your-case.pdf. 3 pp. [Datum van gebruik: 4 Mei, 2001].
VAN DER MERWE, S., ed., DU TOIT, E., DE JAGER, F.J., PAIZES, A., & SKEEN, A ST Q. 1987. Commentary on the Criminal Procedure Act. Cape Town: Juta and Co Ltd. iv (loose-leaf).

* * * * *

# AANHANGSEL 1

## ONDERSOEK NA DIE KWALITEITE VAN DIE MAATSKAPLIKEWERK-VOORVONNISVERSLAG

Hierdie vraelys is bedoel vir voorsittende beamptes, regspraktisyns en staatsaanklaers. Die doel daarmee is om vas te stel wat word deur regslui beskou as die gewensde kwaliteite van 'n voorvonnisverslag, wat deur maatskaplike werkers opgestel word. U word versoek om die vraelys so eerlik moontlik in te vul en die ruimtes wat voorsien is vir verdere kommentaar ten volle te benut. U voltooiing van die vraelys kan net daartoe bydra om die voorvonnisverslag as instrument wat dikwels in die hof gebruik word, te verbeter. Beantwoord die vrae deur die maak van 'n X in die toepaslike blokkie en gebruik die stippellyn soos aangedui vir u mening. Addisionele papier kan gebruik word vir langer antwoorde. Dui asseblief in sulke gevalle aan op watter vraag u antwoord betrekking het. Antwoord asseblief in drukskrif.

### AFDELING 1: DEMOGRAFIESE BESONDERHEDE

1.1 Van en Voorletters (Opsioneel): ........................................................
1.2 Beroep: ........................................................................................
1.3 Opvoedkundige kwalifikasies: ..........................................................
1.4 Jare ervaring: ...............................................................................

### AFDELING 2: VERSLAGFORMAAT

2.1 Die volgende *formaat* word tans algemeen gebruik vir die voorvonnis verslag.

Identifiserende besonderhede van betrokke welsynsinstansie/ maatskaplike werker
Identifiserende besonderhede van kliënt/beskuldigde.
Inligtingsbronne.
Gesinsgeskiedenis.
Behuising en omgewing.
Opvoedkundige kwalifikasie en opleiding
Beroepsagtergrond
Huweliks-, gesins-, en verhoudingslewe
Fisiese en psigiese gesondheid
Misbruik van alkohol en ander afhanklikheidsvormende middels
Sosiokulturele, religieuse en ontspanningsaktiwiteite
Sosioëkonomiese faktore
Misdaadgeskiedenis -
- Huidige oortreding(s)
- Vorige oortreding(s)
- Hangende sake

Evaluasie
Vonnisopsies
Aanbeveling

Voldoen die formaat aan u vereistes?

| Glad nie | Slegs Gedeeltelik | Ten volle |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

2.2 Motiveer u antwoord asseblief.........................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................

2.3 Het u enige voorstelle ten aansien van die uitbreiding en/of wysiging van die bestaande *formaat*. Motiveer asseblief.

.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................

**AFDELING 3: VERSLAGINHOUD**

3.1 Beantwoord die *inhoudelike* van die voorvonnisverslae in die algemeen aan die behoefte tot inligting vir vonnisdoeleindes, met betrekking tot relevansie en bruikbaarheid met die oog op vonnisoplegging?

| Nooit | Selde | Soms | Dikwels | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

3.2 Indien nie, aan watter vereistes met betrekking tot die *inhoud* word nie voldoen nie en watter aspekte moet in meer detail aangespreek word?

.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................
.......................................................................................................

3.3 Hoe sou u oor die algemeen die standaard van *beredenering van die feite* (evaluasie) wat in die verslae van maatskaplike werkers vervat is, beoordeel?

| Baie deeglik | Deeglik | Gemiddeld | Swak | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

3.4 Motiveer u antwoord asseblief.

.......................................................................................................

..............................................................................................................
..............................................................................................................
..............................................................................................................
..............................................................................................................

3.5 Hoe sou u oor die algemeen die standaard van *motivering onderliggend tot die aanbevelings,* wat in die verslae gemaak word, beoordeel?

| Uitstekend | Goed | Gemiddeld | Swak | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

3.6 Motiveer asseblief u antwoord

..............................................................................................................
..............................................................................................................
..............................................................................................................
..............................................................................................................
..............................................................................

**AFDELING 4: TEGNIESE VERSORGING VAN VERSLAE:**

4.1 Wat is u indrukke van die *standaard* van die *tegniese versorging* van voorvonnisverslae in die algemeen (ten opsigte van algemene voorkoms, taalgebruik, taalversorging, gebruik van vaktaal, ens.)?

| Voldoen byna nooit aan die vereistes | Voldoen soms aan die vereistes | Voldoen die meeste van die tyd aan die vereistes | Voldoen altyd aan die vereistes |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |

4.2 Wat beskou u as die grootste leemtes in die standaard van die *tegniese versorging* van voorvonnisverslae in die algemeen?

..............................................................................................................
..............................................................................................................
..............................................................................................................
..............................................................................................................
..............................................................................................................

**AFDELING 5: ASSESSERINGSINSTRUMENTE**

5.1 Bevat die voorvonnisverslae inligting oor *assesseringsinstrumente* wat deur die maatskaplike werker gebruik is tydens assessering en is die uitkomste daarvan weergegee en geïnterpreteer?

| Nooit | Selde | Soms | Dikwels | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

5.2. Brei hieronder op u antwoord uit indien u dit sou verkies:

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

**AFDELING 6: VAARDIGHEDE EN KENNIS VIR VOORVONNIS-VERSLAGSKRYWING**

6.1 Watter *vaardighede* en/of *kennis* is na u mening nodig vir die skryf van 'n voorvonnisverslag deur 'n maatskaplike werker?

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

6.2 Hoe sou u die *standaard* van *voordrag* en *hantering* deur die maatskaplike werker van die voorvonnisverslag in die hof beoordeel?

| Uitstekend | Goed | Gemiddeld | Swak | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

6.3 Kan u u antwoord hieronder verder toelig asseblief.

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

**AFDELING 7: AANVRAAG VAN VERSLAG**

7.1 'n Voorvonnisverslag kan via die hof aangevra word van óf 'n proefbeampte in diens van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling as 'n gratis diens, óf direk van 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk teen 'n vergoeding. Waarvan sou u as eerste keuse gebruik maak?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Proefbeampte | | Privaat praktiserende maatskaplike werker | |

7.2 Motiveer u voorkeur asseblief.

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

U professionele mening en die tyd wat u afgestaan het word baie waardeer.

ME SUSAN DE KONING
MA (MW) STUDENT
NOORD-WES UNIVERSITEIT
(POTCHEFSTROOMKAMPUS)
9/2006